**Paulus se roeping en werk**
Handelinge 9:1-19

Paulus is een van die bekendste persone in die Nuwe Testament. Nie net vir al die briewe wat hy geskryf het nie, maar ook vir die werk wat hy gedoen het vir die verspreiding van God se Boodskap. Hy het vêr en wyd gereis om vir mense van Jesus te vertel. So vêr as wat hy kon gaan het hy ook gemeentes begin sodat mense daar waar hulle gebly het kon voortgaan met die werk.

Paulus was egter nie van die begin af 'n volgeling van Jesus nie. Voordat hy Jesus leerken het was hy juis die teenoorgestelde – hy wou die kerk uitroei omdat dit teen alles was wat hy geglo het (Handl 8:1-3).

Die Here Jesus verander Paulus se lewe en stuur hom om vir almal van Hom te vertel (Handl 9:15). Ons lees van Paulus se ontmoeting met die Here en sy daaropvolgende bekering in Handelinge 9:1-19. Paulus het in der waarheid 'die lig gesien'. Die Here het in 'n lig aan hom verskyn en met hom gepraat. Daarna was hy vir 'n tyd lank blind sodat hy later weer kan sien en die keer regtig kan sien – kan sien Wie Jesus is. Hierna kon Paulus nie meer ontken dat Jesus die Here is en dat Hy werklik opgestaan het uit die dood soos wat die dissipels verkondig het nie.

Dit moes 'n groot verrassing gewees het toe die grootste en bekendste vervolger van die kerk begin het om van Jesus te vertel. Dit is deels waarom die Here vir Paulus gekies het. Hy was 'n lopende, lewende, prekende bewys en voorbeeld van die lewensveranderende krag van Jesus!

Paulus was 'n Jood en bekend aan sy Joodse vriende as Saulus (sien Handl 13:9). Hy was egter ook deel van die Romeinse ryk en het later toe hy verder in die Romeinse ryk gereis het en gepreek het met Romeinse naam, Paulus, bekend geword. Dit het dit vir Paulus makliker gemaak om met mense van ander lande te kan praat.

Paulus het baie sendingreise aangepak om vir die wêreld te gaan vertel van Jesus. Dit was nie maklik nie en hy het baie keer in groot gevaar geleef. Hy moes ook tyd in die tronk deurbring en het selfs fisies gely. Dit alles om hom te probeer keer om van Jesus te vertel. Maar die Here het hom krag gegee om aan te hou (Fil 4:13) en deur hom is die Evangelie reg oor die wêreld versprei.